NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop van korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2020

AFDELING A INDIVIDUELEBRONANALISE

VRAAG 1 VISUELEBRONONTLEDING

1.1 *Gebruik jou eie kennis om kortliks te verduidelik wie die Black Panthers was en wat hul doelstellings was. Skryf TWEE punte neer.*

[VLAK 1]

- Die *Black Panther Party for Self-Defense* (BPP) was 'n organisasie wat in 1966 in Oakland, Kalifornië, gestig is.
- Dit is deur kollegestudente Huey P. Newton en Bobby Seale gestig. Dit was 'n rewolusionêre organisasie met 'n ideologie van swart nasionalisme, sosialisme en gewapende selfverdediging.

[Enige toepaslike antwoord wat beantwoord wie hulle was = 2 punte]

- Dit het ten doel gehad om swart Amerikaners teen die polisie te beskerm.
- Om die VSA meer polities, sosiaal en ekonomies gelyk te maak.
- Ander doelstellings: "Ons wil grond, kos, behuising, onderwys, klere, geregtigheid, en vrede hê." (Uit hul 10-punt-program)
- "En as ons belangrikste politieke doelwit, moet 'n volkstemming onder toesig van die Verenigde Nasies gehou word in die hele swart kolonie waar slegs swart koloniale onderdane toegelaat sal word om deel te neem, met die doel om die wil van swart mense met betrekking tot hul nasionale lot te bepaal."
- Enige klousule van die 10-punt-program moet as antwoord op hierdie vraag aanvaar word.
- Die doel was om swart trots en selfvertroue te vestig.

[Enige toepaslike antwoord wat hul doelstellings aanspreek = 2 punte] (4)

1.2 *Wat dink jy het die fotograaf in hierdie foto van die Black Panthers probeer toon? Verwys na die hooffokus in jou antwoord.*

[VLAK 4]

- Om te toon waaroor die Black Panthers se Gratis Ontbyt-program en sosiale programme gehandel het.
- Om aan te toon hoe kinders op die Black Panthers se sosiale programme gereageer het.
- Om aan te toon dat die kinders goed versorg word – hulle kry 'n goeie ontbyt:
- Borde en koppies op die tafel
- En dat hulle vrolik, gelukkig, positief, opgewonde is
- Oor die voeding, maar ook opgewonde is om op skool te wees, om deel te wees van 'n groep, om belangrik te voel:
- swartmagsaluut, en
- Arms en vuiste in die lug met
- Glimlaggende gesigte
- Hulle skree saam – skree moontlik slagspreuke.

[2 punte vir die fotograaf se bedoeling (EEN) en 2 punte vir verwysing na die visuele fokus (EEN)] (4)

IEB Copyright © 2020

1.3 *Hoe kon die Verenigde State se regering hierdie foto gebruik het om die Black Panthers te diskrediteer? Gee DRIE punte.*

[VLAK 4]

- Hulle kon moontlik beweer dat die studente gebreinspoel is deur aan te voer dat die Panthers kinders gebruik om hul agenda te bevorder en hul doelwitte te bereik.
- Kinders kan met kos omgekoop word, dit wil sê die ontbytprogram.
- Hulle skree almal uitbundig, op dieselfde oomblik, d.w.s. geleer, saam – hulle sou dit nie alleen doen nie, hulle is 'afgerig'.

[ENIGE DRIE punte] (6)

1.4 *Verskaf 'n gepaste, bevooroordeelde opskrif vir hierdie foto as dit in 'n publikasie wat pro-Black Panther Party was, verskyn het..*

[VLAK 3]

"Black Panthers gee om vir die gemeenskap se kinders"
"Black Panthers voed die brein"
"Ontbyt voor skool – Black Panthers neem beheer"

[ENIGE toepaslike opskrif, maar opskrif moet iets positiefs oor die Black Panthers bevat – dit moet hulle in 'n positiewe lig stel] (2)

1.5 *Identifiseer en verduidelik EEN waarde en EEN beperking van foto's as historiese bronne.*

[VLAK 1 en VLAK 2]

WAARDE:

- Foto's maak die verlede meer toeganklik.
- Maak wat ontasbaar is tasbaar/konkreet.
- Die visuele inligting daarvan is direk, onmiddellik.
- Bied 'n beeld van geskiedenis op 'n spesifieke tydstip.
- Help ons om die verlede te visualiseer.
- Bied ons 'n outentieke siening van die werklikheid.

BEPERKINGS:

- Dit toon slegs 'n greep uit die lewe/'n oomblik in tyd.
- Ons weet nie wat gebeur het voordat of nadat die foto geneem is nie.
- Die foto kan bevooroordeeld wees, omdat die fotograaf 'n bepaalde siening of agenda gehad het, of die foto só opgestel het dat ons gelukkige, pro-Panther-kinders sien. Dit sou 'n positiewer siening van die organisasie bevorder.
- Dit kan gewysig, gesny word om 'n spesifieke wêreldbeskouing te bied.

[ENIGE (EEN) WAARDE (2) en ENIGE (EEN) BEPERKING (2)] (4)
[20]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 2 TEKSTUELE ANALISE

2.1 *Gebruik die bron en maak 'n lys van VIER maniere wat Oliver Tambo geïdentifiseer het om 'n volksoorlog te voer.*

[VLAK 2]

- ANC ondergrondse organisasie
- massa-optrede deur die mense
- gewapende stryd deur MK
- internasionale isolasie van SA (8)

2.2 *Watter rol het die ANC gespeel om die funksionering van die regering te ontwrig, volgens die skrywer? Verskaf EEN aanhaling om jou antwoord te ondersteun.*

[VLAK 2]

Die ANC het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om die land moeilik regeerbaar te maak:

"Ons moet ... toestande skep waarin die land toenemend onregeerbaar word."

"... die ANC 'n beroep op die mense gedoen het om 'alle elemente van 'n volksoorlog in werking te stel en te kombineer' en 'n beroep op die massas gedoen om die 'apartheidstelsel onwerkbaar en die land onregeerbaar' te maak."

[Beskrywing van die rol van die ANC = 2 punte + Enige toepaslike aanhaling = 2 punte] (4)

2.3 *Gebruik jou eie kennis en verskaf die naam van die wet wat die swart plaaslike rade wat in die uittreksel genoem word, gevestig het.*

[VLAK 1]

Wet op Swart Plaaslike Bestuur (2)

2.4 *Gebruik die bron en verduidelik waarom swart plaaslike rade deur swart gemeenskappe geteiken is. Skryf TWEE punte neer.*

[VLAK 2 en VLAK 4]

- Dit was gesegregeerde instellings.
- Dit was simbolies van die ongeregtighede van apartheid.
- Hulle was "omkoopbaar en korrup".
- Hulle het na hul eie belange omgesien ten koste van die gemeenskap.
- Hulle is aangestel as plaasvervangers vir verteenwoordiging in die parlement.

[ENIGE TWEE punte] (4)

2.5 *Vind 'n geskiedkundige konsep in die bron wat die volgende definisie die beste pas. Skryf slegs die geskiedkundige konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

'n Algehele verandering in die politieke stelsel van 'n land.

[VLAK 2]

Rewolusie (2)

[20]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die nuwe Mej. Heelal-skoonheidswedstryde 'Westerse' idees van skoonheid uitgedaag het. Skryf TWEE punte neer.*

[VLAK 1 en 3]

- 'n swart vrou is gekroon vir haar skoonheid,
- wat nie ooreenstem met tradisionele 'Westerse' skoonheidskonsepte soos 'n ligte vel, blonde of reguit hare, lank, lang bene, ens. nie.

[ENIGE toepaslike verduideliking] (4)

3.2 *Gebruik jou eie kennis en maak 'n lys van TWEE metodes wat in die 1960's deur feministe gebruik is om teen manlike seksisme en skoonheidswedstryde soortgelyk aan die Mej. Heelal-skoonheidswedstryde, te protesteer.*

[VLAK 1]

- Hulle het 'n lewendige skaap gekroon: 'Mej. Amerika'.
- Hulle het bra's, gordels, haarkrullers, vals wimpers, pruike, hoëhakskoene, korsette en uitgawes van vrouetydskrifte in 'n 'vryheidsasblik' gegooi.
- Slegs-mans klubs en kroeë binnegeval.
- Nie-gewelddadige betogings met plakkate
- Artikels en pamflette, waarin skoonheidswedstryde veroordeel is, geskryf en gesirkuleer.

[ENIGE TWEE metodes] (4)

3.3 *Vergelyk die skrywer se kritiek op die aard van skoonheidswedstryde met die kritiek wat in die 1960-proteste teen manlike seksisme en skoonheids-wedstryde uitgespreek is. Verskaf DRIE punte.*

[VLAK 2 en VLAK 4]

Ooreenkomste:

- Albei was gerig op die manier waarop die skoonheidswedstryde vroue verontmenslik.
- Albei was gerig op tradisionele manlike sienings van vroulikheid en skoonheid en vrouerolle.

Verskille:

- Die **skrywer** se kritiek is nie net dat skoonheidswedstryde vroue verontmenslik nie, maar ook spesifiek dat onlangse pogings om meer diversiteit in die wedstryde in te voer deur swart deelnemers as die wenners te kroon, nie die uitbuitende en vernederende aard van skoonheidswedstryde wesenlik verander nie,
- terwyl die **kritiek in die 1960's en 1970's** op skoonheidswedstryde op sigself gemik was en die feit dat daar geen swart of inheemse deelnemers was nie en dat geen swart vrou nog ooit gewen het nie.

[ENIGE DRIE toepaslike punte – maar minstens EEN ooreenkoms en EEN verskil] (6)

IEB Copyright © 2020

3.4 *Noem EEN belangrike organisasie wat in die 1960's gestig is om vir vroueregte te veg.*

[VLAK 1]

- NOW
- New York Radical Women

[ENIGE toepaslike organisasie] (2)

3.5 *Gebruik jou eie kennis en identifiseer en verduidelik EEN wetgewende sukses van die Amerikaanse Vrouebeweging in die 1960's of 1970's wat die sosiale of ekonomiese posisie van vroue verbeter het.*

[VLAK 1 en VLAK 4]

- **Die Gelykebetalingswet (1963)**: Ondanks die beperkings daarvan, het die deurvoering van wetgewing die ekonomiese regte van vroue ten sterkste ondersteun en hul verdienste verbeter.
- **Wet op Menseregte (1964)**: Het 'n ander meganisme vir vroue voorsien om diskriminasie in die werkplek te beveg.
- **Griswold versus Connecticut (1965)**: Die Hooggeregshof het 'n dokter se skuldigbevinding weens die voorskryf van voorbehoedmiddels omgekeer: getroude paartjies moet voorbehoeding kan beoefen.
- **Massachusetts versus Baird (1972)**: Die hooggeregshof het William Baird se skuldigbevinding omgekeer om kondome aan ongetroude vroue te versprei – die reg op privaatheid is uitgebrei na ongetroude vroue. Het gehelp om toegang tot geboortebeperking te bevry.
- **Onderwyswysigings van 1972**: Het diskriminasie verbied by onderwysinstellings wat federale befondsing ontvang het. Die verbode diskriminasie het diskriminasie in die betaalkoers of enige ander vorm van vergoeding ingesluit.
- **Roe versus Wade (1973)**: Die Hooggeregshof het beslis dat 'n vrou se reg op privaatheid aborsie insluit – gevolglik is federale en staatswette wat aborsie verbied, geskrap.

[ENIGE EEN stuk wetgewing korrek geïdentifiseer = 2 punte en verduidelik = 2 punte] (4)

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2020

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Verwys na Bron A

4. *Maak 'n lys van DRIE doelstellings van Julius Nyerere, volgens die bron.*

[VLAK 2]

- Hy wou 'n nasiebouer wees.
- Hy wou kulturele integrasie hê.
- Hy wou ujamaa implementeer.

[2 punte elk vir 3 doelstellings = 6 punte. Kandidaat mag aanhaal of eie woorde gebruik.] (6)

5. 5.1 *Hoekom verwys Mazrui ('n ander skrywer wat in die uittreksel genoem word) na Nyerere se ujamaa-beleide as 'n "heldhaftige mislukking"?*

[VLAK 2]

Ujamaa hét misluk en dit was 'n mislukking omdat dit nie aan die verwagtings voldoen het nie, maar dit was ten minste 'n poging deur 'n Afrika-land om sy eie weg te vind, 'n unieke weg, nie dié van die Weste nie, dus was dit 'n "heldhaftige" mislukking. (2)

5.2 *Haal EEN sin uit die bron aan wat jy as bevooroordeeld ten gunste van Nyerere sal beskou.*

[VLAK 4]

- "… Daarenteen is Nyerere se beleid ten opsigte van nasiebou 'n geval van onbesonge heldhaftigheid. ..."
- "Met wyse en sterk leierskap, en met 'n briljante beleid van kulturele integrasie, het hy een van die armste lande ter wêreld geneem en dit 'n trotse leier in Afrika-aangeleenthede gemaak en 'n aktiewe lid van die wêreldgemeenskap ..." (2)

6. *Vind 'n geskiedkundige konsep in Bron A wat die beste by die volgende definisies pas. Skryf slegs die geskiedkundige konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

[VLAK 2]

6.1 *'n Stel fundamentele beginsels waarvolgens 'n staat regeer word.*

Grondwet (2)

6.2 *'n Stel oortuigings of beginsels, veral een waarop 'n politieke stelsel, party of organisasie gebaseer is.*

Ideologieë (2)

6.3 *Tanzanië se beleid van familieskap.*

Ujamaa (2)

IEB Copyright © 2020

Verwys na Bron B

7. *Gebruik jou eie kennis om die dokument waarin Nyerere sy beleid van 'n "sosialistiese en selfversorgende gemeenskap" in hooftrekke beskryf het, se naam te gee. (paragraaf 1)*

[VLAK 1]

Arusha-verklaring (2)

8. *Wat is die "sosialistiese konstruksie", waarna daar in die teks verwys word, in Tanzanië genoem?*

[VLAK 1]

Afrika Sosialisme (2)

9. *Was Nyerere se opvoedkundige hervormings suksesvol, volgens die bron? Skryf DRIE aanhalings uit die bron neer om jou antwoord te ondersteun.*

[VLAK 6]

WAS SUKSESVOL/'N MATE VAN SUKSES

- Sy hervormings het die meeste mense bereik – dui op sukses: "… veranderings ingestel wat byna al sy burgers bereik …"
- "Primêre onderwys is in wese universeel."
- Aanvanklike onderrig berus op bekende materiaal en 'n bekende taal: "... gebruik 'n taal en maak gebruik van ervarings en materiale wat alom-bekend is ..."
- "Tanzanië se volwasse geletterdheid is nou een van die hoogstes in Afrika ..."

OF

NIE SUKSESVOL NIE/NIE HEELTEMAL SUKSESVOL NIE

- "... die Verenigde Republiek van Tanzanië se opvoedkundige eksperiment, geïnspireer en gedryf deur Nyerere se opvoedingsfilosofie, het 'n mengsel van suksesse en mislukkings opgelewer ... "
- "Baie van die probleme wat Nyerere aangespreek het in 'n poging om die onderwysstelsel en onderwysbeleid te transformeer, leef steeds voort …"
- "… of nog nie daarin geslaag het om dit te implementeer nie …"

[2 punte vir die standpunt + DRIE toepaslike aanhalings. Kandidate kan ook argumenteer dat daar sommige suksesse was, maar dat dit nie heeltemal suksesvol was nie – moet met toepaslike aanhalings ondersteun.] (8)

IEB Copyright © 2020

Verwys na Bron C

10. *Wat is die boodskap van die spotprent? Verwys na DRIE visuele leidrade in jou antwoord.*

[VLAK 4 en VLAK 6)

- **Nyerere was 'n groot man/leier.**
  - Gesien in die simboliese "groot skoen" (skoen groot geteken).
  - Toon dat "groot skoene" volgestaan moet word.
  - Skoen is blink – positiewe konnotasies daar.
- **Dis moeilik om in Nyerere se voetspore te volg (sy skoene vol te staan).**
  - Die man vind dit moeilik om homself in die skoene van Nyerere te plaas – hy het 'n dun been en net een been in die skoen.
- **Die leiers wat gevolg het was nie so goed soos Nyerere nie.**
  - Hulle kan net hoop om so goed soos hy te wees.
  - Gesien in die tentatiewe tree in Nyerere se skoen geneem.
  - Armoede is sigbaar – man en hut: hy is maer, hut is vervalle/verlate.
  - Terwyl leiers hande vol geld het.
  - En tasse vol geld en oorskietkos en drank wat rondlê.
  - Verryk hulself.

[2 punte vir verduideliking van die boodskap en 2 punte elk vir DRIE verwysings na visuele materiaal] (8)

Verwys na Bron D

11. *Gebruik Bron D om die volgende vrae te beantwoord.*

[VLAK 2]

11.1 *Was die verskuiwing van mense na ujamaa-nedersettings vrywillig, soos Nyerere beweer? Skryf slegs die antwoord neer.*

Nee (2)

11.2 *Skryf TWEE aanhalings neer wat jou antwoord op die bostaande vraag (Vraag 11.1) ondersteun.*

- "Nyerere [het] die verpligte hervestiging van die hele oorblywende landelike bevolking binne drie jaar aangekondig"
- "… die polisie, weermag, nasionale diens en militante gemobiliseer om die mense te verskuif …"
- "Dit is 'n bevel van Nyerere". (4)

11.3 *Waarop sinspeel die laaste reël van die eerste paragraaf aangaande Nyerere se veiligheidsmagte?*

Hulle was wraaksugtig, gewelddadig (2)

IEB Copyright © 2020

Verwys na Bron E

12. *Gebruik Bron E en jou eie kennis en sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. Geen verduideliking word vereis nie.*

[VLAK 2]

12.1 *Bron E is 'n primêre bron.*

ONWAAR (2)

12.2 *Ander lande het geweier om Tanzanië te ondersteun toe dit met 'n program van sosialistiese hervorming begin het.*

ONWAAR (2)

12.3 *President Nyerere het buitelandse geïndustrialiseerde nasies vir die gebrek aan ekonomiese sukses in Tanzanië blameer.*

WAAR (2)

12.4 *Teen die 1980's was Tanzanië steeds in 'n groot mate van buitelandse hulp afhanklik.*

WAAR (2)

12.5 *Tanzanië se oorgang van koloniale regering na onafhanklikheid was vreedsaam.*

WAAR (2)

Verwys na Bron C en Bron F

13. *Op watter maniere ondersteun Bron F die spotprenttekenaar se siening van Nyerere in Bron C? Gebruik bewyse uit ALBEI bronne om jou antwoord te ondersteun.*

[VLAK 4]

- Bron F ondersteun die idee van "GROOT skoene om vol te staan" (d.w.s. hy was 'n wonderlike man wat 'n positiewe invloed op Tanzanië gehad het).
- In die afbeelding in Bron C gesien.
- Bron C bevorder 'n positiewe beeld van Nyerere wat baie vir die mense gedoen het in vergelyking met andere wat hom opgevolg het.
- Bron F gee ook 'n positiewe beeld van Nyerere.
- Hy het wonderlike dinge gedoen: hy het Tanzanië deur taal verenig en gepoog om dienste aan die mense in kollektiewe nedersettings te lewer.
- Voorbeelde: skole, paaie, elektrisiteit – Bron F.
- Bron C impliseer dat Nyerere 'n wonderlike man was deur sy groot dade en dienste aan die mense van Tanzanië – groot skoene.
- Professor Baitu (Bron F) lewer baie stawende getuienis ter ondersteuning van hierdie siening van die spotprenttekenaar (Bron C).

[Moet aantoon HOE Bron F Bron C ondersteun – m.a.w. Nyerere se 'grootheid'/prestige/statuur/goeie dade + voorbeelde bied uit die teks (Bron F) EN verwys na die visuele afbeeldings in Bron C.] (8)

IEB Copyright © 2020

14. *Evalueer die betroubaarheid van Bron F vir 'n geskiedkundige wat Julius Nyerere se bydrae tot Tanzanië bestudeer.*

[VLAK 6]

Om volpunte te behaal, moet oorsprong, waarde, bedoeling en vooroordeel/beperkings in die bron genoem word.

Die bron is in 'n sekere mate betroubaar, maar het beperkings. Die oorsprong van die bron is 'n artikel wat in 2019 deur die joernalis Paul Samasumo vir *The Vatican News*, 'n aanlyn inligtingsnuusportaal, geskryf is. Die bedoeling is onduidelik – dit blyk 'n algemene ondersoek/bespreking oor die lewe en nalatenskap van Julius Nyerere te wees. Die bron is slegs vanuit een perspektief (Vader Baitu se perspektief) en dit is geskryf ter verdediging van Julius Nyerere se invloed op Tanzanië. Die bron fokus op Nyerere se positiewe bydraes en gebruik woorde en frases wat Nyerere in 'n positiewe lig stel. Nyerere word beskryf as "suksesvol" om Tanzaniërs deur Swahili te verenig. Nyerere wou mense bymekaar bring om in gemeenskappe te woon wat toegang tot noodsaaklike dienste sou verseker. Hy word geloof vir die elektrifisering van dorpe en die bou van paaie en skole. Alhoewel die bron dus duidelik ten gunste van Nyerere bevooroordeeld is, is daar egter 'n geringe erkenning dat "foute gemaak is". Boonop kan Vader Baitu ten gunste van Nyerere as 'n mede-Rooms-Katoliek en as 'n vriend bevooroordeeld wees. Verder is dit nie die hele bron nie; dit is geredigeer en is slegs 'n uittreksel uit die oorspronklike. Die vooroordeel, doel, persoonlike perspektief en redigering maak dit 'n onbetroubare bron as dit onafhanklik gebruik word. Die artikel is by nabetragting geskryf, wat 'n mate van betroubaarheid kan verleen, maar beperkings geld steeds. Die bron laat na om enigiets oor Nyerere se gebruik van geweld en brutaliteit in die verskuiwingsproses te bespreek. Vader Baitu is egter 'n geleerde ('n professor) en vertroud met wat van suiwer akademiese werk verwag word – dus is dele van wat hy sê, verifieerbaar en waar. Maar daar is ook 'n subjektiewe element teenwoordig. (6)

Gebruik hierdie rubriek in samehang met die bogenoemde riglyne.

5–6	**Evaluering/Beperking en Vooroordeel** Begryp die bron/erken die beperking/fokus op oorsprong en bedoeling (in 'n mate) en erken vooroordeel om sodoende af te lei dat die bron beperkte betroubaarheid het of onbetroubaar is. Moet aanhaling/verwysing gee van vooroordeel in die bron of vooroordeel van oorsprong en publikasie om 6 punte te verdien.
3–4	**Ontleding en Beperking** Toon die vermoë om die bron te begryp/erken oorsprong en/of bedoeling en vae verwysing na die beperking van die bron as dit op sy eie gebruik word/geen poging aangewend om die bron te evalueer nie (vooroordeel, ens.)
1–2	**Begrip** Beskryf die inligting verkry uit die bron/kan slegs die bron verstaan, maar geen poging om die bron self te evalueer nie (beperkte bespreking van oorsprong of bedoeling).
0	Geen poging aangewend om vraag te beantwoord nie

IEB Copyright © 2020

Verwys na Bron G

15. *Vind 'n geskiedkundige konsep in Bron G wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die geskiedkundige konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

[VLAK 2]

15.1 *'n Stelsel van diskriminasie en segregasie wat op ras gebaseer is.*

Apartheid (2)

15.2 *'n Internasionale assosiasie wat bestaan uit die VK en state wat voorheen deel van die Britse Ryk was.*

Statebond (2)

15.3 *'n Outoritêre regering.*

Regime (2)

16. *Verskaf TWEE bewysstukke uit die bron wat aandui dat Julius Nyerere die vryheidstryde elders in Afrika ondersteun het.*

[VLAK 2]

- Hy het gesê Tanzanië sal nooit by die Statebond aansluit as Suid-Afrika daarin bly nie.
- Hy het gasheer gespeel vir die ANC, PAC, Frelimo en Zanla. (4)

17. *Skryf EEN bewys uit die bron neer wat daarop dui dat Julius Nyerere Tanzaniërs moontlik gefaal het. (paragraaf 3)*

[VLAK 2]

- Hy was so besig met internasionale aangeleenthede dat hy Tanzanië binnelands verwaarloos en plaaslike kwessies geïgnoreer het.
- Hy het nie altyd menseregte in Tanzanië eerbiedig nie – soms het hy mense aktief mishandel.

[ENIGE EEN) (2)

IEB Copyright © 2020

Verwys na Bron H

18. *Gebruik Bron H om die impak van 'n eenpartyregering in Tanzanië te beskryf. Jou antwoord moet DRIE punte uit die bron bevat.*

[VLAK 2]

- Nyerere het in 'n mate menseregte misbruik.
- Hy was outoritêr.
- Hy het menseregte ingekort.
- Hy sou nie die handves van regte in die grondwet toelaat nie.
- Hy sou nie individuele regte waarborg nie.
- Hy het die gebruik van onderdrukkende koloniale wetgewing uitgebrei.
- Hy het wette uitgevaardig wat menseregte ingekort het.
- Politieke partye en burgerregte-organisasies is ook ingekort.

[2 punte elk vir DRIE punte wat sy impak voldoende beskryf, met voorbeelde uit die bron.] (6)

19. *Hoe bruikbaar is hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat Julius Nyerere se nalatenskap bestudeer? Ondersteun jou antwoord met EEN bewysstuk uit die bron.*

[VLAK 4]

- Baie bruikbaar.
- Dit toon 'n ander kant van Nyerere en sy heerskappy.
- Dit dra by tot die beeld wat ons van hom as persoon en heerser het.
- Dit toon dat hy taamlike streng maatreëls toegepas het en mense se regte ingekort het wanneer hy dit as noodsaaklik beskou het.
- Dit balanseer die siening dat hy 'n perfekte mens was wat niks verkeerd kon doen nie.
- Hy het soms 'n donkerder kant gehad.
- Hy was nie teësinnig om magshefbome te gebruik om sy doelstellings te bereik nie.

[standpunt = 2 punte + bewyse om te ondersteun = 2 punte] (4)

90 punte

IEB Copyright © 2020

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

Gebruik Bron A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate het Julius Nyerere se beleide 'n positiewe impak op Tanzanië gehad?

[VLAK 2, 3, 4, 5 en 6]

Die opstel word holisties nagesien deur gebruik te maak van die IEB se brongebaseerde opstelrubriek tesame met die memorandum as riglyn.

- Kandidate kan argumenteer dat Julius Nyerere se beleide in 'n **MEERDERE MATE** 'n positiewe invloed op Tanzanië gehad het. Julius Nyerere het nasionale eenheid en trots bevorder, veral deur Swahili die amptelike taal te maak, deur godsdiens, deur kulturele integrasie, deur onderwys, veral volwasse geletterdheid, en deur sy leierskap in Afrika-aangeleenthede. Hy het ook dorpe geëlektrifiseer, paaie en skole gebou. Sy beleid van ujamaa was ontwerp om mense bymekaar te bring om toegang tot hulpbronne te verkry.

- Nyerere se beleide het in 'n **MINDERE MATE** 'n positiewe impak op Tanzanië gehad, omdat hy slegs een politieke party wou toelaat, hy het soms menseregte misbruik, plaaslike sake ten gunste van internasionale aangeleenthede verwaarloos en geweier om enige skuld vir Tanzanië se gebrek aan ekonomiese vooruitgang te aanvaar. Sy beleid van ujamaa het misluk en het tot 'n afname in ekonomiese opbrengs gelei. Dit het gepaard gegaan met die gedwonge uitsetting van mense uit hul huise.

OF

- Kandidate kan argumenteer dat Julius Nyerere se beleide in 'n **MINDERE MATE** 'n positiewe impak op Tanzanië gehad: hy het slegs een politieke party toegelaat, hy het soms menseregte misbruik, die plaaslike regering ten gunste van internasionale aangeleenthede verwaarloos en wou nie enige skuld vir Tanzanië se gebrek aan ekonomiese vooruitgang aanvaar nie. Sy ujamaa-beleid het misluk en het gelei tot 'n afname in ekonomiese opbrengs. Dit het gepaard gegaan met die gedwonge uitsetting van mense uit hul huise.

- In 'n **MEERDERE MATE** het Julius Nyerere se beleide 'n positiewe uitwerking op Tanzanië gehad: Julius Nyerere het nasionale eenheid en trots bevorder, veral deur Swahili die amptelike taal te maak, deur godsdiens, deur kulturele integrasie, deur onderwys, veral volwasse geletterdheid en deur sy leierskap in Afrika-aangeleenthede. Hy het ook dorpe geëlektrifiseer, paaie en skole gebou. Sy beleid van ujamaa is ontwerp om mense bymekaar te bring om toegang tot bronne te verkry.

IEB Copyright © 2020

BRON	NYERERE SE BELEIDE HET 'N POSITIEWE IMPAK GEHAD	NYERERE SE BELEIDE HET 'N NEGATIEWE IMPAK GEHAD
	Fokuswoorde: Meerdere/Mindere mate	**Fokuswoorde: Meerdere/Mindere mate**
A	Nyerere het die godsdienstige artikels in die grondwet geformuleer. Hy het godsdiens-vryheid verkies. Hy was 'n nasiebouer: "onbesonge heldhaftigheid", beoefen "wyse en sterk leierskap" en pas 'n beleid van "kulturele integrasie" toe. Hy het Tanzanië 'n "trotse leier in Afrika-aangeleenthede" gemaak. Hy het probeer om nie geld vir ontwikkeling by die Weste te leen nie, maar het sy eie koers gevolg.	Sy beleid van ujamaa was 'n "heldhaftige mislukking": "nie die sukses van ontwikkeling gebring [het] nie".
B	Daar was enkele groot prestasies in onderwys: "Primêre onderwys is in wese universeel." "Aanvanklike onderrig gebruik 'n taal en maak gebruik van ervarings en materiale wat alombekend is", "Tanzanië se volwasse geletterdheid is nou een van die hoogstes in Afrika (ongeveer 85%)" Tanzaniërs is trots op hul land en taal – verenigende effek: "Die Tanzaniërs toon 'n trots op hul taal en hul land wat spruit ... uit 'n gevoel van vervulling en selfvertroue ..."	Sy opvoedkundige, sosiale en ekonomiese beleid het misluk. Onderwys in Tanzanië was 'n mengsel van sukses en mislukking: vele probleme het voortgeduur terwyl Nyerere die onderwysstelsel probeer hervorm het. Nyerere het self getwyfel oor die opvoedings-beleide wat hy wou implementeer: "Ek raak toenemend daarvan oortuig dat ons in Tanzanië nog nie die regte onderwysbeleid gevind het nie, of nog nie daarin geslaag het om dit te implementeer nie, of een of ander kombinasie van hierdie twee alternatiewe." ...
C	Nyerere was 'n wonderlike man – groot skoene om vol te staan – soos gesien in die groot skoen wat die fokuspunt is. Die spotprent sê dat Nyerere 'n positiewe invloed op Tanzanië gehad het, 'n positiewe bydrae, omdat andere ná hom slegs rykdom wou bekom, terwyl Tanzaniërs in armoede leef.	
D		Ujamaa het stadig gevorder, kleinboere was huiwerig om nedersettings toe te trek. Dwang en gewelddadige optrede is gebruik: "Om te verseker dat mense in die nuwe nedersettings aanbly, is voormalige huise gewoonlik onbewoonbaar gemaak deur deure en vensters uit te ruk en gate in die moddermure te skop ... " Kleinboere wou nie trek nie – gevolglik is sekuriteitsmagte gebruik: "… en daarom is die polisie, weermag, nasionale diens en militante gemobiliseer om die mense te verskuif …" "Mense is mishandel, geteister, gestraf …" Staatsbeheer het gelei tot korrupte, ondoeltreffende maatskappye, amptenare was onbevoeg: "… 'n menigte staatsondernemings ... wat ondoeltreffend was, onbevoeg bestuur is, te veel personeel gehad het en in skuld vasgevang was ..." Aan die einde van die sewentigerjare was die ekonomie onder ernstige druk; nasionale opbrengs het gedaal, die lewenstandaard gedaal. Nyerere was hardkoppig - hy het geweier om te erken dat hy verkeerd was: "… Ondanks die probleme wat Tanzanië ondervind het, het Nyerere egter vasgeklou aan sy sosialistiese strategie en alle bewerings dat die strategie self verkeerd kon wees, verwerp …"

IEB Copyright © 2020

E	Daar was enkele prestasies: 'n groot mate van geletterdheid en laerskooltoelatings. Tanzanië het burgeroorloë en stamkonflik vermy. Nyerere het 'n gevoel van nasionale identiteit geskep. Dit was dus nie net sy skuld nie – hy was aan die genade van stygende oliepryse en "dalende inkomste uit die verkoop van sisal, hennep en koffie …" oorgelaat.	Tanzanië se landbou-ekonomie is in puin gelaat; die per capita inkomste was die laagste ter wêreld. Die blaam is verskuif, nie verantwoordelikheid aanvaar nie – Nyerere het beweer dat dit die geïndustrialiseerde lande van die wêreld was wat ekonomiese agteruitgang in Tanzanië veroorsaak het: "die vyandige internasionale omgewing" van die 1970's en 1980's.
F	Nyerere het die nasie deur Swahili verenig. Dit was 'n prestasie om 'n land te lei wat 120 stamme met 'n menigte "substamme" gehad het. Hy het probeer om die mense voorspoedig te maak deur hulle bymekaar te bring op plekke waar hulle toegang tot water, elektrisiteit, ens. kon hê. Hy het probeer om die gemeenskappe op 'n tradisionele manier te organiseer. Sy motiewe/bedoelings was goed. Sommiges mag dink dat hy ujamaa op die mense afgedwing het, maar by nadenke het hy probeer om 'n goeie ding te doen.	"… daar is foute begaan, en die model (Ujamaa) het uitdagings gehad …" "… Uiteindelik het dit die mense van Tanzanië verarm …" – onderhoudvoerder praat oor Ujamaa.
G	Nyerere het met sy buitelandse beleid roem vir Tanzanië gebring. Hy het SA se apartheidsbeleid aan die kaak gestel. Hy het gedreig om nooit aan te sluit as SA in die Statebond sou bly nie. Hy was daartoe verbind om die ANC, PAC, Frelimo, Zanla (Afrika-bevrydingsbewegings) te help. Hy het SA se apartheidstelsel veroordeel en in die stryd bygestaan. Hy het Mugabe en Zanla-magte in Rhodesië gehelp. Hy het Tanzanië beskerm toe dit nodig was, deur 'n Ugandese inval af te weer. Hy het Amin – 'n wrede diktator in Uganda – van sy mag ontneem.	Kritici meen Nyerere het Tanzanië se probleme oor die hoof gesien deur te veel op buitelandse sake te fokus. Hy het nie altyd dieselfde respek vir menseregte in Tanzanië getoon as elders nie. Hy het teenstanders opgesluit met behulp van sy Voorkomende Aanhoudingswet
H		Onder Nyerere is 'n handves van regte verwerp wat die regte van individue kon beskerm het. Hy het onderdrukkende koloniale wette gebruik om afvalligheid te onderdruk en het selfs hierdie wette uitgebrei. Nuwe wette is verorden wat die regte van individue ingekort het. Hy het slegs een party toegelaat. Hy het die keuse geweier om alternatiewe partye te vorm. Hy het ook groepe uit die burgerlike samelewing ingekort.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2020

GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

	Argument + fokus	Gebruik van bronne	Teenargument (T/A)	Struktuur + styl	Hoofindruk
7+ **90–100%** **45–50**	Neem standpunt in. Hou standpunt deurgaans vol. Behou duidelike en konsekwente fokus. Verstaan alle aspekte van die vraag. Skakel bronne en vraag baie goed aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne om argument en teenargument te staaf. Haal selektief aan waar toepaslik.	Bespreek T/A volledig. Erken T/A in inleiding en slot. Skakel T/A deurgaans met hoofargument.	Kort inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkingsvermoë vlot.	Opstel is logies, samehangend en bondig. Dit weerspieël uitstekende historiese insig en begrip.
7 **80–89%** **40–44**	Neem standpunt in. Hou standpunt vol, met geringe dwalings wat nie afbreuk doen aan die begrip of fokus nie. Skakel bronne en vraag goed aaneen.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Opstel is duidelik en akkuraat, alhoewel die styl nie altyd bondig is nie. Dit weerspieël baie goeie historiese insig en begrip.
6 **70–79%** **35–39**	Neem standpunt in. Fokus op die vraag, maar mag enkele dwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat van die argument afwyk. Skakel bronne en vraag aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne, maar daar is soms leemtes of geringe afwykings in bewyslewering. Haal selektief aan waar toepaslik.	Identifiseer T/A.	Inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel is 'n goeie poging maar diepte ontbreek dalk. Dit is oor die algemeen vloeiend, maar beperkte herhaling kom voor. Enkele beperkings in historiese insig en begrip kom voor.
5 **60–69%** **30–34**	Poog om standpunt in te neem. Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/geïmpliseerde fokus. Argument is nie konsekwent nie of oppervlakkig Toon geringe bewys) dat bronne en vraag aaneenskakel.	Gebruik die meeste bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Beskryf of parafraseer bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik. Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne.	Identifiseer T/A, maar nie volledig nie. Laat sommige aspekte van T/A uit.	Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig. Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel poog om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie. Dit toon basiese insig, maar daar is beperkte historiese begrip.

IEB Copyright © 2020

4 **50–59%** **25–29**	Neem swak standpunt in. Gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel.	Laat 2 of 3 bronne uit. Beskryf of lys* bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik te gebruik. Gebruik ontoepaslike of te lang aanhalings. Bondel* bronne saam.	Identifiseer T/A op basiese vlak.	Swak inleiding en slot. Inleiding OF slot ontbreek. Strukturele probleme (bv. gebrek aan paragrawe.) Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag. Daar is min bewys van historiese begrip en insig.
3 **40–49%** **20–24**	Wend 'n powere poging aan om standpunt in te neem. Weinig poging om te fokus. Toon min begrip van argument. Bevat onakkuraathede. Leemtes in argument. Poog onsuksesvol om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik die helfte van die bronne glad nie. Het swak begrip van bronne. Gebruik weinig toepaslike aanhalings.	Het geen T/A nie of dit is oorvereenvoudig.	Strukturele probleme. Inleiding en/of slot ontbreek. Uitdrukkingsvermoë swak.	Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg. Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om die bronne te gebruik om die vraag te beantwoord.
2 **30–39%** **15–19**	Wend geen poging aan om standpunt in te neem nie. Fokus nie op vraag nie. Onvermoë om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik baie min bronne. Het 'n baie swak begrip van bronne.	Soos hierbo.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë baie swak.	Opstel toon geen begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie. Dit toon weinig begrip van die vraag, maar kandidaat het gepoog om sommige inligting in die bronne te gebruik.
1 **0–29%** **0–14**	Wend geen poging aan om te fokus nie. Verstaan die vraag glad nie.	Gebruik slegs een of geen bronne nie. Skynbaar nie in staat om relevante bronne te gebruik nie.	Geen T/A nie.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë uiters swak.	Opstel toon uiters gebrekkige begrip van bronne of van vraag, of hoe die twee aaneenskakel.

- Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer ter ondersteuning van die argument of teen-argument [bv. Bron A toon …; Bron B beweer …; Volgens Bron C ...; In Bron D … ens.]
- Bondel bronne saam – hanteer verskeie bronne gelyktydig eerder as afsonderlik, en gee daarmee te kenne dat almal dieselfde ding sê [bv. (Bronne A, C, F en H]

IEB Copyright © 2020